# GEMEENTEBULLETIN

**3 JANUARIE 2021**

STELLENBERG GEMEENTE

## EREDIENSTE TYDENS DIE SKOOLVAKANSIE

**Oggenddienste om 09:00 in die kerk en aanlyn**

03 Januarie | Ds. Why Duvenhage (Doop)
10 Januarie | Ds. Hanno Ackerman
17 Januarie | Ds. Philipp Dietmann
24 Januarie | Ds. René Potgieter

## LERAARS AAN DIENS

Leraars aan diens:

Ds. Why Duvenhage (082 570 5931) tot 9 Januarie 2021.
Ds. René Potgieter (079 893 8104) vanaf 10 tot 15 Januarie 2021.
Ds. Marius Breytenbach (082 376 6053) vanaf 15 Januarie 2021.

## EREDIENSTE VERANDER VANAF 31 JAN. 2021

Ten einde die familiediens asook kategese volgens die voorgeskrewe Covid-19-protokol in 2021 te hervat, word eredienste vanaf 31 Januarie soos volg aangebied:

08:30 - Oggenddiens in die kerk en aanlyn.

09:00 - Meditatiewe diens in die kapel en aanlyn.

09:30 - Familiediens in die kerk en aanlyn. Annibrand Juniorgroepe kom vanaf 10:10 tot 11:00 byeen.

18:00 - Relevantdiens in die kerk en aanlyn. Annibrand Seniorgroepe kom na die diens byeen.

## DOOP VANDAG

Luhan en Chané van Greunen, Ashworth 25, Pinehurst, laat doop vir Micko Connor van Greunen.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### COVID-19-VEILIGHEIDS-MAATREëLS

Kerkgangers moet asseblief maskers vir die volle duur van die erediens dra, ook tydens sang.

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp met jou *naam + stemboodskap* na 083 611 4720.

## VAKANSIEKASKENADES 18-20 JAN. 2021

Met die oog op die lang skoolvakansie, beplan ons kinderwerker, Brenda Visser, 'n oggendvakansieprogram propvol vrolike kaskenades vir laerskoolkinders, vanaf 18 tot 20 Jan. 2021 op die kerkterrein. Almal van graad 1 tot 7 is welkom om in te skakel. Inskrywings by www.stellenberg.co.za/sunet@stellenberg.co.za. R200 per kind.

## GRAAD 8-KAMP (ORIËNTERINGSPROGRAM)

Die jaarlikse graad 8-kamp word in 'n aangepaste formaat aangebied en sal vanaf 21 tot 22 Januarie 2021 op die kerk- en skoolterrein plaasvind. Ouers kan hul graad 8's op die kerkterrein aflaai en smiddae weer daar oplaai. Hulle sal saans tuis slaap. Inskrywingsvorms en volledige besonderhede is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

## SKENK OORTOLLIGE KOS

Skep asseblief, indien jy te veel kos gaarmaak, 'n bord kos vir 'n minderbevoorregte persoon uit en vries dit. Jy kan dit in bevrore formaat by die kerkkantoor afgee vanaf Maandag 4 Januarie 2021.

## BYBELLEESPROJEK/BYBELSKOOL

**Bybelskoolkursus van 2020 - '21 aanlyn:** Die eerste twee sessies van die Bybelskoolkursus wat by die Bybelleesprojek aansluit, kan aanlyn op www.stellenberg.co.za gekyk word. Jy kan jou eie Bybelvertaling gebruik om by die Bybelskoolkursus, of leesprojek in te skakel, maar ons beveel tog aan dat lidmate die nuwe vertaling bekom. 'n Gratis Bybelleesgids kan by die kerkkantoor afgehaal word.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011,

### Kontantbydraes

Kontantbydraes kan in die kollektebord geplaas word, of by die kerkkantoor inbetaal word.

### SnapScan

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.